CRI Cutting Edge
RESEARCH NEWS FROM CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL
Junie 2012 No 141

Procedures to be implemented after detection of *Bactrocera invadens* in a specific area

B. invadens Steering Committee

Document drafted by Wilna Stones and
Derek Donkin, Subtrop

The following procedures will take place after *Bactrocera invadens* fruit fly is detected in a trap in an area:

1. The grower or land user on whose land the fruit fly is detected will be notified. Growers in a 5 km radius of where the fruit fly was found will also be contacted as soon as possible. Every grower in this area should engage in weekly fruit fly baiting and orchard sanitation.
2. A delimiting survey will be initiated to determine the extent of the spread after the detection of one specimen.
3. A preliminary quarantine area is set, which extends to a circular area with a minimum 5 km radius from the first infested surveillance trap which will increase with recovery of additional *B. invadens* fruit flies. **No fruit may be moved from a quarantine area by any land user without a permit issued by Department of Agriculture, Forestry and Fisheries.**
4. The capture of a second *B. invadens* fruit fly in the area will justify immediate eradication in a minimum area of 25 km^2 surrounding the initial detection, with extension of the quarantine and eradication area according to the location of the second detection.
5. After eradication is initiated, several essential phytosanitary measures must be put in place as permit conditions before fruit can be allowed to be moved within or outside the quarantine area.
6. Depending on the specific needs within and outside the quarantine area, the phytosanitary control measures will include the following:
   - Additional surveillance;
   - Fruit fly control actions such as bait spray programmes (BAT) and male annihilation (MAT) blocks (including preventative bait spray programmes on orchards with developing fruit);
   - Sanitation, including waste management on farm and at arrival points or processing/packing areas (chopping drying, animal feed, composting, sterilisation with heat);
   - Fruit inspection;
   - Secured movement, traceability and point of arrival measures;
   - Post- harvest fruit treatments for fruit that is not graded and sold to small local vendors (bakkie trade).

For more information on specific phytosanitary control measures, see the Action Plan for the control of the African invader fruit fly at www.daff.gov.za (Division Plant Health, Pest Programmes). It is important for all growers to co-operate with the government officials. Growers can be of assistance in the following ways:

1. Get the area committee / extension advisor involved in organizing a meeting where DAFF and the producers can communicate with each other;
2. It is important at this meeting to establish a central person / committee from the producers and DAFF side who can be contacted to get a quick response;
3. Identify local pilots to assist with the aerial sprays when needed;
4. Producers should assist DAFF personnel with the delimiting survey – each on their own farm.

CRI Snykant
NAVORSINGSNUUS VAN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL
Junie 2012 Nr 141

Prosedures vir implementering ná die opsporing van *Bactrocera invadens* in 'n spesifieke area

B. invadens Bestuurskomitee

Dokument is deur Wilna Stones en Derek Donkin, Subtrop, opgestel

Die volgende prosedures moet ná opsporing van die *Bactrocera invadens* vrugtevlieg in 'n lokval in 'n area in plek gestel word:

1. Die produsent of grondgebruiker op wie se plaas die vrugtevlieg ontdek is, sal in kennis gestel word. Produsente binne 'n 5 km radius van waar die vrugtevlieg gevind is, sal ook so gou as moontlik gekontak word. Elke produsent in die area moet ook weekliks lokmiddels vir vrugtevlieg uitsit en boordsanitasie toepas.
2. 'n "Delimiting" opname sal van stapel gestuur word om te bepaal wat die omvang van verspreiding is ná die opsporing van een monster.
3. 'n Voorlopige kwarantyngebied word bepaal, wat oor 'n sirkelvormige area met 'n minimum radius van 5 km vanaf die eerste besmette opsporingslokval, strek, wat met addidionele positiewe *B. invadens* vrugtevlieë sal uitbrei. **Geen vrugte mag vanuit** 'n **kwarantyn-area deur enige grondgebruiker geskuif word sonder** 'n **permit wat deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye uitgereik is nie.**
4. Die vang van 'n tweede *B. invadens* vrugtevlieg in die area sal onmiddellike uitroeiing in 'n minimum area van 25 km^2 rondom die opsporing regverdig, met die uitbreiding van die kwarantyn- en uitroeiingsarea volgens die ligging van die tweede opsporing.
5. Nadat daar met uitroeiingsaksies begin is, moet sekere basiese fundamentele fitosanitêre maatreëls as permitvereistes in plek gestel word alvorens vrugte toegelaat kan word om binne of buite die kwarantyn-area te skuif.
6. Afhangende van die spesifieke behoeftes binne en buite die kwarantyngebied, kan die fitosanitêre beheermaatreëls die volgende insluit:
   - Addisionele waarneming;
   - Vrugtevlieg beheer-aksies soos lokmiddelbespuiting en manlike uitwissings (MAT) blokke (insluitend voorkomende lokvalbespuitings op boorde met jong vrugte);
   - Sanitasie, insluitende afvalbeheer op die plaas en by ontvangspunte of prosesserings-/pak-areas (opkap, uitdroog, dierevoedsel, kompos, sterilisasie met hitte);
   - Inspeksie van vrugte;
   - Veilige beweging, na-speurbaarheid en maatreëls by ontvangspunte;
   - Na-oes behandelings van vrugte wat nie gegradeer word nie en aan klein plaaslike handelaars (bakkie handelaars) verkoop word.

Vir verdere inligting omtrent spesifieke fitosanitêre beheermaatreëls, raadpleeg die Aksie Plan vir die beheer van die Afrika indringer vrugtevlieg by www.daff.gov.co.za ("Division Plant Health, Pest Programmes"). Dit is belangrik dat alle produsente met die beamptes van die Staat moet saamwerk. Produsente kan op die volgende maniere hul samewerking verskaf:

1. Kry die komitee van die area/ voorligtingsadviseur betrokke om 'n vergadering te reël waar DAFF en die produsente met mekaar kan gesels;
2. Dit is belangrik dat hierdie vergadering 'n sentrale persoon/komitee, bestaande uit produsente en DAFF, moet stig, wat vir 'n vinnige reaksie gekontak kan word;
3. Identifiseer plaaslike vlieëniers om, wanneer nodig, hulp met die lugbespuitings te verleen;
4. Produsente moet DAFF personeel met die "delimiting" opname ondersteun - elkeen op sy eie plaas.